**Donderdag 2 Julie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 14:1-14**
**Fokusgedeelte: Eksodus 14:14**
**Getuies wat gou vergeet van God se werk, word bemoedig**

Israel is uit Egipte verlos deur die Here se magtige ingrype met wonderwerke en kragtige dade. Dit alles het baie gou vervaag toe die eerste groot moeilikheid op hulle pad gekom het. Angs het hulle beetgepak toe hulle vasgekeer word tussen die Egiptenaars en die see. In plaas daarvan dat hulle mekaar toe bemoedig deur te wys op die groot dade van God in hulle verlede, verwyt hulle vir Moses oor die omstandighede waarin hulle is (vs. 1112). Hulle verlang terug na Egipte. Die Here is genadig en gebruik vir Moses om hulle te bemoedig met: “Bly julle maar kalm, die Here sal vir julle veg.”

Hoeveel onnodige stres en spanning laai by u op bloot omdat u God se werk vergeet? Omdat u vergeet van sy beloftes en dat Hy ook vir u verlossing gebring het deur Jesus Christus? By die eerste tekens van teenstand of wanneer die teëspoed op ons pad kom, sak die moed ook dikwels in ons skoene. Die blye boodskap is: Hy het reeds vir ons geveg en oorwin. Aan die kruis het Hy Satan verslaan deur vir ons sondes versoening te doen en daarmee elkeen wat in Hom glo, vir ewig aan Hom verbind.

Juis dit gee vir elke gelowige die versekering van die Here se troue sorg, ook in die moeilikste omstandighede. Hy roep u om deur die krag van sy Gees getuie van sy groot dade te wees. Ons moet self daaraan dink en mekaar daarmee bemoedig as ons bedreig word, as ons skade ly en as dit lyk asof alles rondom ons ineenstort. Verwyte en beskuldigings moet plek maak vir die getuienis oor God se werk.

*Sing: Psalm 66-1:7, 9*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*